



TOP 10

TOP 50

PRIVAATKATEGORIE

- 1 Theresa Delpont
- 2 Minerva Conradie
- 3 Marianne Greyling
- 4 Marieline Kruger
- 5 Madelein du Toit
- 6 Maureen Kinghorn
- 7 Lorraine Labuschagne
- 8 Petro Massyn
- 9 Madelene van der Berg
- 10 Miriam Slabbert

BESIGHEIDSKATEGORIE


- 1 Simply Natural
Hilde Nel
- 2 Ouma Bettie se Winkel
Anelia du Plessis
- 3 Noramie Fashions
Miriam Bryant
- 4 Sanctuary of Essence
Venishree Govender
- 5 Dairy Exchange (Pty) Ltd
Terry Terblanche

Baie Geluk aan die top 100 verspreiders van 2019

NR. 16-100

June Botha (TRA004B), Annamarie van Niekerk (HEA024B), Malik Cassim (MAS006B), Arrie Nel (FYN001B), Karen van Wijk (DRI001B), Liesel Noach (NOA001B), Daleen Landman (DIE006B), Maryna vd Walt (EKL001B), Hein Vorster (THE058B), Sanjay Khoosal (NAT013B), Ronnie Botha (BOT030B), Silna Thomas (WAT007B), Jan Spoelstra (BAL005B), Noelene Kennedy (THE034B), Annette Taylor (HEA015B), Marina Kruger (KRU031P), Lisa vd Merwe (LOC002B), Janette Errington (ERR001P), Lynette Bresler (BRN002P), Ingrid van Zyl (SAL018B), Sannie vd Westhuizen (VAN113P), Louisiana Brash (SEW004B), Loubie Otto (OTT004P), Keri Martens-Wright (MAR053P), Liz Hough (HOU007P), Chrisinda Nel (LAA001B), Sven Gevers (LYN001B), Jolandi Dreyer (APP001B), Linda Bentley (BEN009P), Breggie Merrick (MER003P), Shelah Engelbrecht (WAR013B), Stuart Pearson (HEA027B), Anya du Plessis (DUP073P), Estelle Aspeling (ASP001P), Miranda Uys (UYS008P), Ansie du Plessis (CAY001B), Anita Clark (SIL004B), Marga den Hartigh (BIO001B), Chiman Harjeven (THE001B), Annette Groenewald (GRO002P), Ronel de Klerk (DEK015P), Justin Moloney (MON005P), Catherine Hur (MOR011B), Raylene Lindemann (PER001B), Joan Osterloh (JOZ001B), Alta van Aswegen (VAN414P), Helene Schoombie (SCH020P), Annemarie Dellelmijn (DEL011P), Lientjie van Eyssen (CHA006B), Joe Hattingh (NAT008B), Yvonne Roselt (ROS022P), Kitty Lotze (LOT004P), Santie Marais (MAR052P), Elsabe Harding (HAR013P), Ilse Marais (MAR039P), Cherice Torlage (KRA002B), Ursula van Staden (HUN003B), Jaco de Kock (DEK030P), Linda Pinto (LIN012B), Margot Vile (VIL006P), Marike Muller (MUL029P), Ursula Halford (HAL004P), Annelie Engelbrecht (ENG016P), Leonie Langemaat (LAN008P), Rona de Witt (ONE001B), Annatjie Botha (BOT072P), Kriszandra Kruger (ZOY001B), Marianna la Vita (LAV002P), Hsin-An Ke (NAN001B), Dennis Zetler (MOO008B), Marina du Plooy (DUP060P), Riana Badendorst (BAD003P), Jo-Alda Theron (THE049P), Karin Kruger (HEA028B), Pamela Bevan (BEV001P), Danie Henn (HEN014B), Sarie Kotzee (KOT003P), Chris Pitzer (PIT005P), Thelma Oosthuizen (ALL001B), Trevor Jv Rensburg (VAN167P), Karen Wolmarans (KAR009B), Gerhardus du Raan (HEA044B), Cecille Schneider (SCH037P), Saron de Witt (ALT001B), Annelise Uys (UYS001P)





PLASTIEK herwinning is die proses waar afvalplastiek herwin word om bruikbare produkte te vervaardig. Plastiekerwinning is deel van ’n wêreldwye poging om die afvalplastiek-epidemie, insluitend die 8 miljoen ton plastiek wat jaarliks in die oseane beland, hok te slaan. Daar is egter verskeie tegnologiese struikelblokke wat die herwinningproses kniehalter, bv. 1) verskillende tipes plastiek skei van mekaar wanneer dit saamgesmelt word en kan veroorsaak dat die eindproduk van substandaardgehalte is, 2) plastiek kan slegs 2-3 keer herwin word, waarna die kwaliteit te swak is vir verdere gebruik en 3) kleurstowwe in plastiek veroorsaak ’n dramatiese afname in die herwinbaarheid van plastiek.

OMGEWINGSVRIENDELIK


Omgewingsvriendelike verpakking is ongelukkig baie beperk en het ook sekere inherente probleme. Glas, byvoorbeeld, is gereedelik beskikbaar, steriel, word maklik vervaardig in verskeie groottes en kleure en kan oor en oor herwin word, maar glas is swaar, onbuigbaar en hoogs breekbaar. Die koolstofvrystelling en energieverbruik van glasvervaardiging, -herwinning en -vervoer oorskadu selfs al die nadele verbonde aan plastiek.

ONS BYDRAE

Ons ondersoek deurentyd nuwe idees waarmee ons ons impak op die omgewing kan verbeter. Vertel ons van jou uitvoerbare idees oor hoe kosmetiese verpakking verander of aangepas kan word om meer omgewingsvriendelik te wees – footprint@af.co.za. ’n Paar van ons projekte:

- 1** Faseer alle plastiese drasakkies uit – afgehandel!
- 2** Gebruik 100% herwinde plastiekbottels – in aanvang. Bestaande 100 ml, 200 ml en 500 ml (gebottelde) produkte sal binnekort in 100% herwinde plastiekbottels verpak word.
- 3** Stel sekere produkte ook in 500 ml behouering beskikbaar – in aanvang.
 - ✓ Minder plastiek word benodig vir ’n groot houër as verskeie klein houertjies.
 - ✓ Addisionele voordeel: Bottels kan herbruik word vir DIY-projekte.
 Google: “ways to reuse plastic”
- 4** Beklemtoon belangrikheid van “reuse/reduce/recycle” op produkverpakking – in aanvang.
- 5** Vervaardiging van bioafbreekbare hervulsakkies is oorweeg en afgekeur. Aloe Ferox kan uiteraard nie die geskiktheid/steriliteit van leë en gebruikte behouering kontroleer nie en kan dus ook nie die rakleef tyd van hervulde produkte waarborg nie.

Die pH-skaal



V Wat beteken pH?

A pH is 'n maatstaf van die suurheid of alkaliniteit van 'n waterige oplossing (tegnies gesproke is dit 'n maatstaf van waterstofioonkonsentrasie). Die pH-skaal wissel van 0 tot 14. Oplossings met 'n pH-vlak van 7 (teen 25 °C) word as “neutraal” beskou. Oplossings met 'n pH kleiner as 7 is suur, terwyl oplossings met 'n pH hoër as 7, alkalies is.

V Het my vel 'n pH?

A Ja, jou vel het 'n pH. Die sweet en sebum op jou vel vorm 'n suurmantel (lagie). Die pH van die suurmantel behoort effens suur teen ± 5 (4,5 tot 5,5) te wees en dit help om jou vel te beskerm teen infeksievormende bakterieë en swamme. Bakterieë en swamme kan nie in 'n suur omgewing floreer/oorleef nie.

V Hoe onderhou ek die korrekte pH van my vel?

A Daar is baie faktore wat die delikate pH-balans van jou vel se suurmantel kan/sal beïnvloed, intern sowel as ekstern – ouderdom, lug- en waterbesoedeling, dieet, hormonale veranderinge, ens. Onderhou die korrekte pH van jou vel met die Aloe Ferox-velversorgingsprodukte, wat perfek gebalanseerd is op pH 5. Ons beveel ook 'n goeie (2 x per dag) velsorgroetine aan sodat jou vel die sorg en onderhoud wat dit benodig, kan ontvang.

V Wat is die pH van velsorgreinigers?


A Velsorgreinigers gebruik verskeie metodes/bestanddele om te reinig. Sommige reinigers is effens suur en ander weer effens alkalies. Reinigers wat van alkaliese middels en bestanddele gebruik maak, sal effens afwyk van die natuurlike pH van die suurmantel.

Al die reinigers in die Aloe Ferox CLASSIC-reeks het 'n pH van 5. Timeless Cleanse, met 'n pH van 7, maak gebruik van alkaliese bestanddele om 'n effens afskilferende effek te bewerkstellig en sodoende die verwydering van dooie velselle aan te help. Ons beveel sterk aan dat jy altyd verfris (“tone”) na reiniging, maar veral as jy Timeless Cleanse gebruik, nie slegs vir die ooglopende redes nie, maar spesifiek om die pH van jou vel te herstel.


BELANGRIK

Die pH van die Aloe Ferox-produkte kan soms effens wissel ($\pm 0,1$) vanweë die natuurlike aalwynsap-komponent in die produkte. Ons oes en pers weekliks vars aalwyn. Seisoenale grond- en weerstoestand/veranderinge speel 'n groot rol in die pH van die geperste aalwynsap. Ons voel egter dat die byvoeging van addisionele bestanddele om hierdie klein pH-afwyking aan te pas, totaal onnodig is.

2019 PROMOSIE WENNERS 6



Johanna Swart
<R30 000 kategorie



Linda Bentley
R30-R70k kategorie



Die Pienk Piletjies in Potchefstroom
>R70 000 kategorie

Johanna Swart, Linda Bentley en Pienk Piletjies het elk **R5 000** in kontant gewen deur hul November/Desember 2018-verkoopspyfers te oortref. Baie geluk, julle verdien dit!

Die 2019-promosie loop hiermee ten einde.



VERSPREIDERSKAP

Aloe Ferox is 'n vervaardiger en groot-handelaar wat slegs deur verspreiders bemark. 'n Verspreider koop by vervaardigers aan en herverkoop dan aan gebruikers. Verspreiders word aangeraai om OOK produkte vir eie gebruik aan te koop. Ons het egter individue geïdentifiseer wat aankoop SLEGS vir eie gebruik – dit is oneerlik en oneties. Reik asb. uit na Joan indien jy jouself in hierdie situasie bevind: 028 735 8100, ethical@af.co.za. Ons wil graag die saak met jou bespreek en 'n voordelige oplossing beredder.

2020-PRYSVERHOGING

Die jaarlikse prysverhoging sal vanaf 1 Julie 2020 van toepassing wees. Die verhoging sal in die omgewing van 7-10% wees. 'n Aangepaste pryslys sal die Mei/Junie Nuusbrief vergesel. Gryp nou die geleentheid aan om voorraad van al jou beste verkopers op te bou, en verkoop dan ná die verhoging teen nuwe pryse vir 'n goeie wins.

NUWE PRYSSTRUKTURE

Veranderinge aan die huidige prysstrukture gaan op 1 Julie 2020 saam met die prysverhoging in werking tree:

⇒ 30 Jun 2020

1 Jul 2020 ⇒

R1 ⇒ R799 = 15% + Versendingskoste	R1 ⇒ R849 = 10% Geen versendingskoste
R800 ⇒ R1 199 = 26% Geen versendingskoste	R850 ⇒ R1 299 = 20% Geen versendingskoste
R1 200 ⇒ R14 999 = 37% Geen versendingskoste	R1 300 ⇒ R14 999 = 37% Geen versendingskoste
R15 000 en meer = 40% Geen versendingskoste	R15 000 en meer = 40% Geen versendingskoste